

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Maart 1979

Onderwerp: Wie sal vir Jesus Christus getuig?

Lees: Johannes 18 verse 12 tot 27

Teks: Johannes 18 vers 19

Sing: Psalm 33 verse 1 en 5
Gesang 302 vers 4
Gesang 317

“Jesus moes van Getsemané na die Joodse Raad, waar Hy as aangeklaagde ’n klug van ’n verhoor moes deurmaak. Die Regter van hemel en aarde het tereg gestaan voor ’n menslike regbank. Daar moes Hy rekenskap gee en verantwoording doen aan die Joodse Raad, onder leiding van Káyafas die hoëpriester en sy skoonvader Annas, wat toesig gehou het oor die godsdienste en tradisies van die Joodse volk.

“Jesus het die georganiseerde kerk bedreig. Hy het met sy woorde die gesag van die Priesters, Fariseërs en Skrifgeleerdes onder verdenking gebring. Hy het dit gewaag om die handelaars uit die voorhof van die tempel te verdryf en die tafels van die geldwisselaars om te keer.

“Maar wat was verkeerd met Annas, Káyafas en die Joodse Raad se optrede? Dit is tog immers reg dat rekenskap geëis word van iemand wat die gevestigde orde uitdaag. Waar sal die kerk beland as dit toelaat dat elke nuwe ‘profeet’ sonder enige teregwyding voortgaan om die kerklike leiding en instelling te verkleineer en te ignoreer?

“Ons kerk verwag ook van elke predikant dat hy hom sal hou aan sy kerk se belydenis en verordeninge. As hy oor hierdie dinge tot ander insigte mag kom, mag hy dit nie in die geheim, of in die openbaar verkondig of propageer nie, voordat hy dit nie aan die bevoegde kerklike outoriteite meegedeel en laat beoordeel het nie. Dit is reg ter wille van die goeie orde. Dit is reg wanneer dit oor die optrede van feilbare mense gaan. Dit is reg wanneer ons ons lidmate wil beskerm teen elke wind van verandering en lering wat van êrens aangewai kom.

“Maar hier het dit nie gegaan oor ’n mens wat teenoor ander mense rekenskap moes gee nie. Dit was die mens wat hier rekenskap van God geëis het.

“Doen ons nie dieselfde nie? Plaas ons God nie ook voor die regbank van menslike oordeel nie? Eis ons nie ook dat God aan ons verslag moet doen nie? Dat Hy sy saak moet stel en dat ons dan sal beslis of dit die moeite werd is om Hom te aanvaar, of nie?

“Maar Broers en Susters, Jesus Christus laat hom nie deur die mens ondervra nie. Dit is Hy wat Kájafas onder kruisverhoor geneem het: ‘Wat ondervra u My? Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek tot hulle gespreek het; hulle weet tog wat Ek gesê het.’ (Joh 18:21) Jesus Christus het die getuienis gelei. Die Aangeklaagde was die Regter.

“Die eerste getuie wat Jesus geroep het, was Annas self. Annas het tog self geweet en kon getuig dat Jesus altyd geleer het in die sinagoge en in die tempel waar die Jode vergader het. Jesus het dit aan Kájafas gesê: ‘Ek het ronduit tot die wêreld gespreek; Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante vergader; en in die geheim het Ek niks gespreek nie.’ (Joh 18:20) Annas, jy is ten volle op hoogte van alles wat Ek gesê en gedoen het. Jy het dikwels jou manne gestuur om my met strikvræ te betrap en My uit te lok. Jy en jou skoonseun, Kájafas, het in die geheim beraadslaag oor wat vanaand hier plaasvind. Dit is julle wat My gevange laat neem het en hier in die duisternis van die nag laat verhoor. Kom Annas, oordeel self oor my woorde.

“Jesus het ook na ander getuies verwys: soos die melaatses wat gereinig is, die blindgeborene wat altyd by die tempelpoort gesit en bedel het, die verlamde man van Betesda, die vrou wat in owerspel betrap is, die skare van meer as vyf duisend wat na die bergrede geluister het, en die mense wat brood uit sy hand ontvang het. Hy het ook na Lasarus van Betanië verwys, wat Hy kort tevore uit die graf opgewek het. Dit was immers na aanleiding daarvan dat die Joodse Raad besluit het om teen Jesus op te tree: ‘Wat sal ons doen? - want hierdie man doen baie tekens. As ons Hom so laat begaan, sal almal in Hom glo’. (Joh 11:47,48)

“Maar in stede van getuienis ten gunste van Jesus, was daar optredes téén Hom. Een van die dienaars het Jesus in sy gesig geslaan en gesê: ‘Antwoord U die hoëpriester so?’ (Joh 18:22) Sy antwoord was duidelik. Hy wou niks van Jesus Christus weet nie. Hy het Jesus

se woorde en dade verwerp. En wat hy van Jesus gehoor het, wou hy nie weet nie. Hy wou nie hoor wat Jesus Christus gesê het nie. Sy woorde en dade was vuishoue in Jesus Christus se gesig.

“Niemand is ooit so blind soos dié wat nie wil sien en so doof soos dié wat nie wil hoor nie.

“Nog een was Annas. Hy het nie die moed gehad om ’n beslissing te vel nie en het Jesus geboeid na Kájafas weggestuur. Hy het geweier om te antwoord en het sy neerlaag verberg deur sy verantwoordelikheid op ander af te skuif.

“En toe was daar Petrus buite in die agterplaas: ‘En Simon Petrus het hom staan en warm maak. En hulle sê vir hom: Jy is tog nie ook een van sy dissipels nie? Toe ontken hy dit en sê: Ek is nie. Een van die hoëpriester se diensknegte wat familie was van die man wie se oor Petrus afgekap het, sê: Het ek jou nie in die tuin by Hom gesien nie? En Petrus het dit weer ontken’. (Joh 18:25-27) Matthéüs beskryf dit: ‘En Petrus het buitekant gesit in die binneplaas *van die paleis*, en ’n sekere diensmeise het na hom gekom en gesê: Jy was ook by Jesus, die Galiléër! Maar hy het dit voor almal ontken en gesê: Ek weet nie wat jy sê nie. En terwyl hy uitgaan na die poort toe, sien ’n ander diensmeisie hom en sê aan die wat daar was: Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner. En met ’n eed ontken hy dit weer: Ek ken die man nie. Maar ’n bietjie later kom die wat daar staan, en sê vir Petrus: Waarlik, jy is ook een van hulle, want ook jou spraak maak jou bekend. Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie. En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween.’ (Matt 26:69-75)

“Jesus Christus was voor die gereg en Hy het getuies opgeroep, maar hulle het die rug op Hom gekeer. Hy het geroep, maar niemand het gekom nie. Hy het alleen sy eensame pad geloop. Hy is onskuldig veroordeel vir hulle wat geweier het om te getuig, wat Hom in die gesig geslaan het, en wat so gou en so maklik vergeet het.

“Maar daar is ook ander getuies wat geroep word. Jesus roep ook vir jou en my. Wat sal ons getuig? Miskien sê Jesus vir jou wat gereeld die kerk besoek en jou Bybel lees: ‘Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek tot hulle gespreek het; hulle weet tog wat Ek gesê het.’

“Óf jy word self geroep om te getuig. En nou gaan dit oor jónu lewe en die werklikheid van jónu bestaan. Dit is nie hoorsê getuie nie, maar jou persoonlike getuie. Die vraag is: Wat het Jesus vir jou gesê? Wat het Hy vir jou gedoen?

“Het jy vergeet van die keer toe jy beangs was en op die laaste oomblik uitgeroep het: Here help!? Toe jy voor groot versoeking te staan gekom het en krag ontvang het om nee te sê? Onthou jy die keer toe jy swak was, toe jy in sonde geval en om vergifnis gesmeek het? Toe daar groot vrede in jou gemoed gekom het?

“Jesus Christus word deur die eeue geken uit wat Hy aan elke mens gesê en vir hom of haar gedoen het. Hy eis rekenskap van wat Hy gee.

“Sal jy getuig van wat Hy vir jou gedoen en gesê het en steeds doen?

“Sal jy vir Hom getuig?

“Sal jy?

“Amen.”